**NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN 'N BUITENGEWONE SINODE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT GEHOU TE KOPANO NOKENG LODGE, BLOEMFONTEIN OP DONDERDAG 3 OKTOBER 2024 OM 09:00**

### 1. VERWELKOMING: DS JJ LUBBE

Die voorsitter van die Moderamen, ds Lubbe, verwelkom die afgevaardigdes teenwoordig.

### 2. KONSTITUERING

Die konstituering word namens die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK) deur ds C Weideman hanteer, wat bevestig dat uit 'n moontlike 329 persone wat afgevaardig kon word, 320 aangeteken het. Die vergadering word wettig gekonstitueer. Hy vra dat uitstaande geloofsbriewe ingedien word.

### 3. AANWYSING VAN 'N VOORSITTER

Ingevolge die Reglement van Orde moet die vergadering 'n voorsitter kies.

| **Ordevoorstel: Goedgekeur** |
| --- |
| Ds JJ Lubbe word voorgestel as voorsitter vir die vergadering. |
| Voorsteller: G Lamprecht (Bethlehem-Panorama) |
| Sekondant: JA Kriek (Bethlehem-Oos) |

Ds JJ Lubbe tree op as die voorsitter van die vergadering.

Ds Weideman versoek die vergadering dat, omdat die Kerkorde nie voorsiening maak vir die aanwys van 'n ondervoorsitter tydens 'n buitengewone sinodesitting, die ondervoorsitter van die Moderamen, dr D Botes, ook as ondervoorsitter van hierdie Buitengewone Sinode sal optree.

## 4. OPENINGSLITURGIE

Ds JJ Lubbe neem die liturgiese opening waar. Dit word as bylaag by die notule van die vergadering gevoeg.

## 5. VOORLEGGING VAN DIE VERSLAG VAN DIE MODERAMEN

Toeligting van die verslag van die Moderamen word deur ds Lubbe hanteer. Hy gee aan die hand van die verslag 'n oorsig oor die proses wat deur die Vrystaatse Sinode en die Moderamen gevolg is sedert Maart 2022 en spesifiek die vorige Buitengewone Sinode op 18 April. Hy lê klem op die "Verklaring van Welwillende Voorneme" (Maart 2024), as 'n uiteensetting van die gees waarin hierdie Buitengewone Sinode ook behoort te verloop.

| **Besluit: Goedgekeur** |
| --- |
| Die Buitengewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat op 3 Oktober 2024, |

1. neem kennis van die inhoud van die Verslag van die Moderamen;

2. neem die inligting daarin verskaf ter tafel wanneer die beskrywingspunte vir bespreking aan die orde kom; en

3. aanvaar die ordereëlings soos deur die Moderamen goedgekeur, as werkswyse en prosedures vir hierdie Buitengewone Sinode

## 6. VOORLEGGING VAN BESKRYWINGSPUNTE

Geleentheid word aan die insenders van beskrywingspunte – die leraars van die gemeentes Vrede, Sasolburg-Tuinedal en Pellissier – gegee om hul beskrywingspunte te motiveer en toe te lig. Die voorsitter van die STK, ds Weideman, gee by elke beskrywingspunt die kerkregtelike kommentaar wat daarby van toepassing is, deur, soos wat dit in die Agenda uiteengesit is. Die voorsitter, ds Lubbe, gee toeligting op die proses wat deur die Moderamen gevolg sal moet word, by elke beskrywingspunt (ook in die Agenda uiteengesit, 4.1-4.3 op pp 18-21).

Die volgende amendemente is ontvang, en word deur die voorstellers daarvan toegelig waarop bespreking gevolg het.

**Amendement: Register 4 Goedgekeur**

Opskrif: Tot die aanbevelings van beskrywingspunt 1

Voorstel

Die Sinode van die Vrystaat besluit, op versoek van die afvaardiging van die NG Kerk Vrede, dat die tweede aanbeveling (punt 2.1 tot 2.4) van die eerste beskrywingspunt (Agenda, p. 48), teruggetrek word, aangesien dit dieselfde oogmerk het en wesenlik oorvleuel met die meer volledige aanbevelings van Sasolburg – Tuinedal se beskrywingspunt.

Voorsteller: DJ Venter (Vrede)

Sekondant: TJC de Villiers (Vrede)

(Stembrief 1: Amendement Register 4 – Terugtrek van Voorstel 2 by Beskrywingspunt van Vrede)

Uitslag van die stemming

Ja 195

Nee 118

Bedorwe stembriewe 5

**Amendement: Register 3 Goedgekeur**

Opskrif: Tot die aanbevelings van beskrywingspunt 1

Voorstel

Die volgende word bygevoeg onder punt 1 van die eerste beskrywingspunt (Vrede) se aanbeveling (Agenda, p. 48):

1.3 Die Sinode van die Vrystaat besluit dat ons uittrede aan die hand van artikel 37 van die Kerkorde, 'n beginselbesluit is, waarvan die inwerkingstelling uitgestel word vir ‘n grasietydperk van een jaar.

1.4 Tydens hierdie grasie tydperk moet die Moderamen toesien dat daar aan al die kerkordelike vereistes vir uittrede voldoen word, en dat alle verdere nodige reëlings getref en ooreenkomste uitgeklaar word.

1.5 Gemeentes wat gedurende hierdie grasietydperk besluit dat hulle in verband met die Algemene Sinode wil bly, kan aan die hand van Artikel 32.2 van die Kerkorde aansoek doen by die Moderamen en by die sinode van hul keuse om by daardie sinode in te skakel.

1.6 Na afloop van die grasie tydperk, vergader die Sinode van die Vrystaat in Oktober 2025, ten einde 'n nuwe/ geredigeerde Kerkorde, soos saamgestel deur die Moderamen, goed te keur, om as uitgetrede Sinode van die NG Kerk Vrystaat te konstitueer, en om verdere besluite te neem soos deur die uittrede genoodsaak (indien enige).

Voorsteller: JG van der Watt (Vrede-Wes)

Sekondant: ID Bosman (Vrede-Wes)

**Amendement: Register 2 Goedgekeur**

Opskrif: Amendement by Beskrywingspunt (en twee voorstelle) van die NG Gemeente Pellissier:

(Die amendement voeg die twee voorstelle byeen en wysig die volgorde van die onderskeie paragrawe in die beskrywingspunt ten einde die inherente verband en vloei daarvan, duideliker te maak)

Voorstel:

Kragtens die oortuiging dat die kerk van die Here een is, soos begrond vanuit Johannes 17 en Efesiërs 4 en uitgedruk in die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Nicea, asook dat kerkverband 'n uitdrukking van hierdie eenheid tot welwese van die kerk is, herbevestig die NG Kerk Vrystaat sy besluit deur die Buitengewone Vrystaatse Sinode van 18 April 2023 om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemene sinodale verband te tree nie en as een sinode te bly groepeer.

Oor die volgende sake wat die afgelope paar jaar in die brandpunt van ons kerklike gesprekke staan, bely en bevestig ons as volg:

1. Rakende die Skrif, ons belydenis en bediening

Die NG Kerk Vrystaat:

1.1 bely dat die Bybel die Skrifgeworde Woord van God is, wat die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word en daarom is dit ook heilig, volmaak, onfeilbaar en vir ons gesagvol (NGB Art. 3, 5, 7);

1.2 bely voorts dat ons die geskrewe Woord van God lees in samehang met hoe God Homself bekendmaak in die Skepping en onderhouding van alle dinge (NGB Art. 2); in verbondenheid aan Christus, die Woord wat mens geword het en lewe (Johannes 1:1-14, NGB Art. 10); en omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hierdie Woord in al die gestaltes daarvan inderdaad “van God is (Johannes 16:13 -14, NGB Art. 5); en

1.3 bevestig dat vanweë ’n verskeidenheid van eietydse kontekste waarin ons die Skrif lees en verskillende benaderings in die lees van die Skrif, maar ook vanweë ons gebroke menslikheid en beperkte insigte, daar van tyd tot tyd nie net een vertolking van ’n Skrifgedeelte na vore kom nie; dat dit dikwels verwarring onder gelowiges en in kerke meebring; en dat ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar te soek na die lig van die Skrif en die boodskap van God daarin aan ons, sy Kerk;

1.4 bevestig dat in sake van teologiese- en etiese belang, ons ons wil laat lei deur die Woord van God, soos wat dit in sy skepping en onderhouding van alle dinge, in Christus en deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word, en ons dit ook in ons Formuliere van Enigheid onderskryf;

1.5 bevestig dat insake die inhoud van ons geloofsbelydenis soos uitgedruk in die *Apostolicum* en spesifiek aangaande God as Skepper, Christus as ons Verlosser – in sy ontvangenis, verkondiging, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms – en die Heilige Gees as ons Trooster, ons as Sinode dit verstaan in die gees en strekking van hoe die belydenisskrifte uit die tyd van die Reformasie dit uitlê en dit in ons gereformeerde tradisie vertolk en in ons eredienste verkondig word;

1.6 is bewus daarvan dat daar steeds by leraars en lidmate 'n behoefte is aan groter sekerheid en 'n bondige, verstaanbare uitleg van wat ons glo ten opsigte van God Drie-Enig; sy skeppingswerk; Christus as ons Verlosser in sy Persoon en werk; ons regverdiging en heiligmaking uit genade en deur geloof alleen; die Kerk as een, heilig, algemeen en Christelik; en die bede om verlossing van die bose; en dra dit daarom aan die Moderamen op om moontlikhede te ondersoek waardeur leraars en lidmate in hul persoonlike geloofslewe en bediening in gemeentes, hieroor ondersteun en begelei kan word; en

1.7 bevestig dat daar in ons lees en vertolking van die Skrif en ons belydenisskrifte behoefte is aan 'n verantwoorde hermeneutiek, en, hoewel ons op 'n verantwoordelike wyse hermeneuties van mekaar mag verskil, doen die Sinode 'n beroep op alle leraars om hulle opnuut te verbind aan die Bybel as die gesagvolle Woord van God, ons gereformeerde belydenis, hul legitimasie-eed en die leiding van die Heilige Gees in dit alles (soos ook hierbo in punte 1.1-1.6 uiteengesit), en bevestig die Sinode dat diegene wat hulle nie hou aan hierdie belydenis of aan ons ooreengekome kerkordelike reëlings vir die bediening daarvan nie, hulself blootstel aan prosesse van onderlinge opsig en tug soos in die Kerkorde uiteengesit.

Teen hierdie agtergrond getuig die NG Kerk Vrystaat (onder andere) soos in April 2023 ten opsigte van sake wat in die beskrywingspunte en verslae voor die Sinode van die NG Kerk Vrystaat in Maart 2022 gedien het, as volg:

2. Rakende menslike seksualiteit

Die NG Kerk Vrystaat

2.1 getuig dat ons diep onder die indruk is van verwarring, vervreemding en vernedering wat in die afgelope dekades deur kerklike debatte oor menslike seksualiteit meegebring is, en versoek ons daarom dat in ons verdere besinning en bediening hier rondom, dit nie bloot as 'n etiese- of kerkregtelike aangeleentheid hanteer sal word nie, maar in die eerste instansie pastoraal in gemeentes waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, leer ken, respekteer, bemoedig en God saam wil dien;

2.2 getuig dat die Bybel as Woord van God slegs twee geslagte of seksuele identiteite beskryf (naamlik dié van "man" en "vrou" as mekaar se gelykes en geskep tot hulp vir mekaar); dat daar wel ook blyke is van uitsonderings op hierdie reël (wat met groot omsigtigheid, sensitiwiteit en 'n pastorale bewoënheid hanteer moet word); en dat alle mense opgeroep word om ten opsigte van hul seksualiteit rein en verantwoordelik voor God te leef. Uitsonderings bevestig juis die reël, naamlik dat die mens normaalweg of manlik of vroulik is;

2.3 bevestig dat die huwelik volgens ons vertolking van die Skrif, die Godgegewe veilige ruimte is waarin 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom, en dat ons daarom alle vorme van losbandigheid en promiskuïteit afkeur; en

2.4 erken dat daar onder ons verskillende sieninge oor selfdegeslagverbintenisse as 'n alternatiewe vorm van 'n permanente verbintenis tussen twee persone bestaan, en versoek ons daarom ter wille van die eenheid van die NG Kerk in die Vrystaat, leraars om nie self hierdie verbintenisse te bevestig nie.

3. Rakende die Bose

Die NG Kerk Vrystaat

3.1 getuig dat wat die Bose en boosheid betref, ons die verskeidenheid van spreke daaroor in die Skrif én in ons belydenisskrifte erken, soos wat dit steeds ook in ons tyd en konteks in verskillende gestaltes manifesteer; en

3.2 roep daarom gelowiges op om te leef as getuies "van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig" (1 Petrus 2:9), en in die woorde van die "Onse Vader" te bly bid dat God ons van die Bose sal verlos – van "ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 52).

4. Rakende teologiese opleiding

Die NG Kerk Vrystaat

4.1 bevestig dat ons die kompleksiteite van 'n nuwe konteks vir Hoër Onderwys aan publieke universiteite en in ekumeniese fakulteite vir teologie erken, asook die besorgdhede wat daar in gemeentes hieroor bestaan met die oog op die opleiding van leraars en bedienaars van die Woord vir ons gemeentes;

4.2 versoek opnuut die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat om met groot verantwoordelikheid en getrou aan ons gereformeerde belydenisgrondslag, die vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat so te bestuur dat sowel die akademiese opleiding van teologie studente uit die NG Kerk, asook hul kerklike vorming en begeleiding in ons Seminarium, tot volle ontplooiing kan kom;

4.3 versoek die Kuratorium om deurlopend by die ontwikkeling van kurrikula, die assessering van studente en die opleiding in geheel, betrokke te bly en aan die kerkverband hieroor verslag te lewer; en

4.4 bevestig dat die verantwoordelikheid en reg om self te besluit oor die nodige opleiding en ontwikkeling van voornemende bedienaars van die Woord, by die Sinode as sodanig berus en dat sou dit in die toekoms nodig blyk te wees, die NG Kerk Vrystaat hierdie vennootskapsooreenkoms met die Fakulteit Teologie en Religie mag heroorweeg.

5. Rakende ons eenheid en kerkverband

Die NG Kerk Vrystaat

5.1 verbind onsself as leraars en lidmate opnuut aan die belydenis van wat ons glo oor die "een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges" soos onder andere uitgelê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21, en dat ons daarom in ons nadenke oor die wese en roeping van die NG Kerk, oor haar bediening in gemeentes en gemeenskappe en haar funksionering in vergaderings én ten opsigte van beplanning vir 'n onsekere toekoms, onsself aan dié belydenis bly oriënteer en daardeur laat lei;

5.2 verbind ons ons daarmee ook, in die lig van al die voorafgaande paragrawe,

- tot ons onderlinge geloofsgemeenskap met mekaar, as lede van die liggaam van Christus;
- tot ons voorneme om verskilpunte op 'n kerklike wyse in die lig van die Woord van God te hanteer;
- tot ons gesamentlike roeping en werksaamhede van die Sinode Vrystaat; en
- aan al die voorregte, verantwoordelikhede en verpligtinge wat deel is van ons gesamentlike kerkwees hier;

5.3 besluit om op grond van Artikel 1 van ons Kerkorde, oor die belydenis, aard en orde van die NG Kerk in Suider-Afrika; en op grond van Artikels 35 en 43 van ons Kerkorde, oor die aard en bevoegdhede van 'n sinode en spesifiek die taak van die Algemene Sinode; en

in lyn met die Verslag van die Taakspan Kerkverband wat in 2019 deur die Algemene Sinode aanvaar is (spesifiek Bepaling 2.3 in die Reglement vir die Funksionering van die Algemene Sinode – Reglement 1, 2023) dat die Algemene Sinode nie 'n voorskriftelike sinode is nie; en

in die lig van 'n geneigdheid by tye of in sekere sake die afgelope dekades om nie deurgaans in die gees van hierdie onderlinge ooreenkoms met mekaar te handel nie;

die Algemene Sinode te versoek om

5.3.1 haar gesag in gevolge Artikel 43 af te baken om slegs bindende besluite te kan neem oor sake wat vir die kerkverband in geheel van belang is, naamlik die belydenisgrondslag; Kerkorde-artikels en reglemente (waar van toepassing); vereistes vir die opleiding en bevoegdheid van die predikante, diens- en standplaasleraars en bedienaars; liturgiese grondlyne; amptelike Bybelvertalings en sake wat sy nasionale en internasionale ekumeniese opdrag raak, en die Kerkorde sodanig te amendeer;

5.3.2 in enige ander saak as dit wat onder punt 1 sorteer en wat ingevolge artikel 43 op sy agenda hoort, slegs adviserende besluite kan neem vir oorweging deur sinodes en die uitgangspunt altyd sal wees om kontensieuse sake in deeglike en tydige oorleg met sinodes en mindere kerkvergaderings te hanteer alvorens tot enige adviese of besluite daaroor gekom word;

5.3.3 in die samestelling en afvaardiging na 'n Algemene Sinode sowel as in die samestelling en funksionering van die Algemene Sinode Moderamen (ASM) en ander algemeen sinodale taakspanne, die beginsel van gelyke en kundige verteenwoordiging uit al die samestellende kerke nagestreef sal word; en

5.4 bevestig die NG Kerk Vrystaat dat sy haar posisie en rol in algemeen sinodale verband in Suider-Afrika, kragtens Artikel 37 van ons Kerkorde sal heroorweeg ("om met behoud van alle regte, voorregte, besittings en naam" uit algemeen sinodale verband te tree), indien die Algemene Sinode nie instem tot die vertolking van ons Kerkorde soos hierbo in 5.1 en 5.3 uiteengesit en versoek is nie; en

5.5 versoek die Sinode die Moderamen om amptelik met die Algemene Sinode Moderamen (ASM) in gesprek te tree oor die verdere implementering van die Verslag oor Kerkverband (2019) en oorweging te skenk aan 'n meer federale uitdrukking van ons kerkverband in ons soeke na eietydse, relevante en roepingsbewuste gestaltes van ons eenheid as familie van gereformeerde kerke in Suider-Afrika.

Voorsteller: WH van Zyl (Edenburg)

Sekondant: C Nel (Riebeeckstad)

(Stembrief 2: Register 2 – Amendement op Beskrywingspunt van Pellissier)

Uitslag van die stemming

Ja 189

Nee 129

Bedorwe stembriewe 0

## 7. TEE/KOFFIE

Die vergadering het om 11:00 – ná die motivering van die eerste twee beskrywingspunte – vir koffie/tee verdaag, en 'n halfuur later hervat.

## 8. MIDDAGETE

Met die beskrywingspunte geamendeer en dus gefinaliseer, verdaag die vergadering vir middagete. Dr LM Foot doen 'n tafelgebed.

## 9. BESPREKING IN RINGSVERBAND

Aangesien die finalisering van die beskrywingspunte langer geneem het, word daar nie geleentheid vir 'n tafelgesprek gegee nie, maar direk oorgegaan tot 'n bespreking van al drie die beskrywingspunte en die kwessies waaroor dit gaan.

## 10. OOP BESPREKING VIR HELE VERGADERING

Verskeie afgevaardigdes het aan die oop bespreking deelgeneem.

Teen 15:45 het elkeen van die voorstellers van die drie beskrywingspunte geleentheid gekry vir 'n kort repliek op sake wat tydens die bespreking geopper is.

**Ordevoorstel: Goedgekeur**

Ds. D. Basson versoek dat die vergadering voor daar oorgegaan word tot stemming eers tyd in gebed deurgebring moet ten einde ook te hoor “wat sê die Here” vir ons?

Die voorsitter reël die orde so en daar word geleentheid vir stilgebed gegee.

Daarná is daar oorgegaan tot 'n stemming oor die drie beskrywingspunte.

## 11. STEMMING

**Stemming oor Opsie 1:** *Nie Goedgekeur*

(Stembrief 3 – Vrede: Tree uit Algemene Sinode uit)

Uitslag van die stemming:

Ja 127

Nee 182

Bedorwe stembriewe 7

**Stemming oor Opsie 2:** *Nie Goedgekeur*

(Stembrief 4 – Sasolburg-Tuinedal: Verdeel in twee)

Uitslag van die stemming:

Ja 102

Nee 206

Bedorwe stembriewe 5

**Stemming oor Opsie 3: Goedgekeur**

(Stembrief 5 – Pellissier: Behou die eenheid van die verband en herdefinieer verhouding met die AS)

Uitslag van die stemming:

Ja 181

Nee 129

Bedorwe stembriewe 5

Die Buitengewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat 2024 het die beskrywingspunt van Pellissier aanvaar om binne algemeen sinodale verband te bly (Artikel 37), op grond van 'n eie teologiese identiteit en standpuntstelling as NG Kerk Vrystaat, en met die voorneme om bepaalde besluite rakende die funksionering van die Algemene Sinode (Artikel 43) na die Algemene Sinode deur te gee. Die Sinode besluit dat die uitkoms van die Buitengewone Sinode – die besluit wat geneem is – voor Sondag, 6 Oktober 2024, aan al die gemeentes deurgegee sal word.

Die verantwoordelikhede van die Moderamen in hierdie verband, soos by 4.3 in die Agenda uiteengesit (p21) word ook hiermee aanvaar as opdrag van die Buitengewone Sinode.

## 12. ANDER MOONTLIKE OPSIES VIR GEMEENTES WAT HULSELF IN 'N MINDERHEID BEVIND OF UIT VERBAND MET DIE NG KERK VRYSTAAT SOU WOU TREE (Agenda, bl. 21)

**Besluit: Kennisgeneem**

**12.1 (Agenda Punt 5.1) 'n Appèl, beswaarskrif of versoek om revisie (Reeds bestaande opsies in die Kerkorde)**

Lidmate, leraars en gemeentes wat nie met besluite van 'n meerdere vergadering – in hierdie geval die Buitengewone Sinode van die NGK VS 2024 – saamstem nie, het volgens die Kerkorde (Artikel 23) die moontlikhede van 'n appèl, beswaarskrif of versoek om revisie om hul ontevredenheid uit te spreek en besluite van die Sinode in hersiening te laat neem.

In die geval van 'n appèl, wat ná enige van die drie beskrywingspunte wat voor die Buitengewone Sinode dien, ingebring sou kon word, is die volgende van belang (deur die STK uitgewys):

• Indien die Buitengewone Sinode die beskrywingspunt in sy huidige of 'n gewysigde vorm goedkeur, kan 'n lidmaat, kerkraad of ring ingevolge artikel 23.3 (Kerkorde 2023) by die Algemene Sinode appèl aanteken teen die besluit, wat dit ingevolge Reglement 7:3.1.5 en Reglement 23:4 sal hanteer;

• Appèl kan aangeteken word op grond van a) kerkordelike ongerymdhede en/of b) waar 'n besluit volgens die oordeel van die appellant in stryd is met die Bybel, die Belydenisskrifte of die Kerkorde;

• Daar moet gelet word op die vensterperiode waarbinne appèl aangeteken word, naamlik 21 dae nadat die sinode se notule beskikbaar is, en op die feit dat 'n appèlliggaam die besluit van 'n sinode kan opskort tot en met die afhandeling van die appèl (Kerkorde 2023, Reglement 23:4.1.2 en 4.1.5; vgl Kerkorde Vrystaat 2022, Reglement van Orde punt 12.2.3).

**Besluit: In beginsel goedgekeur en verwys na die Moderamen om dit in oorleg met die STK uit te klaar**

**12.2 (AGENDA Punt 5.2) 'n Besluit van die NG Kerk Vrystaat om 'n teologies-kategoriale ring(e) te vestig**

Die buitengewone sinode sou 'n besluit kon neem – selfs as onderdeel van enige van die genoemde drie beskrywingspunte – om een of meer teologies-kategoriale ringe in die NGK VS te vestig. Só 'n stap hoef nie tot enige verdeling binne die NGK VS te lei nie; dit sou inteendeel ons eenheid in verskeidenheid in die Vrystaat en ons gesamentlike werksaamhede en getuienis kon versterk.

Dit berus volledig by die Vrystaatse sinode om die indeling van ringe te organiseer en dit hoef nie noodwendig op 'n geografiese basis alleen te berus nie; die sinodes van 2013 en 2017 het alreeds stappe

tot ander moontlikhede vir gemeentes in plek gestel. 'n Ring is die eerste uitdrukking van kerkverband op grond van ons belydenis, van gemeentes wat uit innerlike oortuiging mekaar opsoek, gemeenskap van geloof beleef, visitasie by mekaar doen, konsulente aanwys en mekaar in hul onderlinge bediening ondersteun. Dit sou vir sulke gemeentes wat hulself dan binne 'n sinode in 'n minderheidsposisie bevind, 'n "veilige ruimte" kon bied waarbinne hul mekaar ondersteun in en hou aan ooreengekome teologiese standpunte (bv. oor die bevestiging van selfdegeslagverbintenisse), en hulle sou ook by hul ringsittings oor sake van belang en vanuit 'n bepaalde teologiese oortuiging kon besin – tipiese ringskonferensies ens. Dit sou verder aan sulke gemeentes en ring(e) die geleentheid kon bied om in die volgende uitdrukking van kerkverband – die sinode van die NGK VS – 'n eie standpunt te stel en mekaar daarin te ondersteun; die uitgangspunt van "reformasie van binne". Aangesien die NGK VS die afgelope aantal jare gekies het om die moderamen self, ander bedieningsrade, taakspanne en die kuratorium al sterker ringsgewys saam te stel, verseker hierdie moontlikheid dat die stem van so 'n teologies-kategoriale ring(e) in die breër kerkverband gehoor sou kon word.

**Besluit: Kennisgeneem**

**12.3 (Agenda Punt 5.3) 'n Artikel 32-besluit om met 'n ander sinode van die NG Kerk in verband te tree (In beginsel reeds deur die Algemene Sinode 2023 goedgekeur en vir finale goedkeuring van proses na ATR en ASM verwys)**

'n Moontlikheid wat in Oktober verlede jaar deur die Algemene Sinode goedgekeur is, naamlik die wysiging van Artikel 32 van ons Kerkorde sodat gemeentes by 'n ander sinode van die NG Kerk waarby hul hulself meer tuis sou kon vind, kan inskakel, kan deur gemeentes wat uit verband met die NGK VS wil tree, oorweeg word. Die prosedure waarvolgens so 'n gemeente na 'n ander sinode sou kon "skuif" is sedertdien deur die ATR uitgewerk, in oorleg met al tien sinodes van die NG Kerk, en is ver gevorder in die proses van finalisering (teen Oktober 2024 by die ASM). In kort kom die proses op die volgende neer:

• Lidmate kan 'n versoek aan die kerkraad rig en/of die kerkraad kan besluit om by 'n ander sinode in te skakel;

• Die kerkraad rig 'n versoek aan hul huidige ring en sinode om so 'n oorskakeling goed te keur;

• Die kerkraad rig ook 'n versoek aan die sinode waarby hul sou wou inskakel, om instemming te kry dat daardie sinode ontvanklik vir so 'n versoek sou wees;

• Die kerkraad stel in oorleg met hul huidige ringskommissie 'n inligtingstuk saam waarin hul motivering en praktiese reëlings uiteengesit word, en gee dit vir deeglike oorweging en goedkeuring deur na die gemeente;

• Indien 'n meerderheid van die lidmate die inskakeling by 'n ander sinode goedkeur, word 'n finale ooreenkoms met alle praktiese implikasies (rakende fondse en verpligtinge, gedeelde werksaamhede ens.) opgestel en aan die twee betrokke sinodes voorgelê;

• Indien hierdie finale ooreenkoms deur beide sinodes of hul gevolmagtigde goedgekeur is, word dit na die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde deurgestuur vir kennisname en goedkeuring, en word dit in die Kerkbode as amptelike besluite gepubliseer.

**Besluit: Goedgekeur dat die Moderamen in oorleg met die STK hierdie moontlikheid ondersoek**

**12.4 (Agenda Punt 5.4) 'n Besluit van die NG Kerk Vrystaat om minderheidsgroepe/ gemeentes vry te stel**

Die NGK VS wil geen dwang uitoefen op enige lidmaat, leraar of kerkraad nie, en sou daarom die volgende moontlike weg kon oorweeg waarlangs lidmate, leraars of gemeentes wat hulself in die minderheid van hierdie belangrike sinodebesluite bevind, vry kan kom van wat hul as gewetensdwang mag beleef. Die volgende stappe vir so 'n proses sou oorweeg kon word:

a) Die gemeente/kerkraad gee amptelik aan die Moderamen kennis van 'n versoek om uit verband met die NGK VS te tree;

b) 'n Gemeentevergadering word belê waar die Moderamen (verteenwoordigers) geleentheid kry om vrae aan te hoor en toeligting te gee;

c) Daar word ten minste een maand vóór die vergadering, behoorlik kennis gegee van die vergadering aan alle lidmate van die gemeente (skriftelik);

d) Daar word vooraf ooreengekom dat sodanige gemeentevergadering ooreenkomstig die gees en gesindheid in die "Verklaring van Welwillende Voorneme" uiteengesit sal geskied, en dat daar 'n verbintenis gesoek word om sou aan alle vereistes van die Kerkorde en reg en billikheid voldoen wees, almal die uitkoms van so 'n gemeentevergadering sal aanvaar en daarin te berus;

e) In of direk ná so 'n gemeentevergadering/gesprek onder begeleiding/monitering van die Ring, word 'n (geslote) stemming van alle lidmate teenwoordig, oor die besluit om uit te tree gehou;

f) Sou 'n tweederde meerderheid van die gemeente besluit om uit te tree (66% +), word aan lidmate wat in die minderheid gestem het,

i) geleentheid gegee om in 'n grasietydperk (6 maande) by 'n (nabygeleë) buurgemeente van die NGK in dieselfde dorp of stad aan te sluit; of

ii) waar daar nie 'n buurgemeente in dieselfde dorp is nie, word aan lidmate wat in die minderheid gestem het ooreenkomstig hul getal, 'n aandeel in die fondse en waarde van eiendomme van die gemeente soos onderling ooreengekom, beskikbaar gestel ten einde hul in staat te stel om weer met 'n eie bediening voort te kan gaan;

g) Langs hierdie weg word daar vooraf ooreengekom om die *universitas*-beginsel op 'n bepaalde en billike wyse te honoreer en reg te laat geskied aan alle lidmate, ook dié in 'n minderheid in die gemeente;

h) Die uittrede uit verband met die NGK VS geskied dan met behoud van regte en voorregte ens., maar nie met behoud van die naam "Ned. Gereformeerd" nie, en word die uittredende gemeente versoek om ooreenkomstig die NGB Art 28 by 'n ander kerkverband van oortuiging aan te sluit;

i) Die Ring begelei hierdie besluitnemingsproses en die vestiging van 'n ooreenkoms, neem kennis van die besluit van die gemeente, en gee ná verstryking van die grasietydperk amptelik kennis aan die Moderamen/volgende Vrystaatse Sinode van die uitkoms van die proses; en

j) Voorsien die Vrystaat Sinode dat sodanige proses binne die volgende twee jaar – dit wil sê voor die volgende gewone sitting van die Sinode (Junie 2026) – afgehandel sal kan wees.

Die voorsitter verseker die vergadering dat die besluite soos geneem direk ná die vergadering aan alle gemeentes deurgegee sal word, en dat die notule soos ooreengekom, binne sewe (7) dae ná die Buitengewone Sinode gefinaliseer en beskikbaar gestel sal word. 'n Beroep word op alle afgevaardigdes en die kerkverband gedoen om in ooreenstemming met die gees en gesindheid van hierdie sinodesitting – die gebed om wysheid (Jakobus 1:5 en 3:17-18) – en op die welwillende weg waartoe die NG Kerk Vrystaat haar verbind het teenoor mekaar en alle gemeentes, op te tree en binne die ooreengekome reëlings van die Kerkorde van die NG Kerk Vrystaat.

Alle afgevaardigdes word vir hul deelname aan die Buitengewone Sinode bedank en 'n veilige reis toegewens. Die skriba en sinodale kerkkantoor word vir alle logistieke reëlings en werksaamhede rondom die sinodesitting bedank.

## 13. AFSLUITING

Die vergadering word afgesluit deur Lied 269 saam te sing waarna dr A Celliers 'n gebed doen.

**OPENINGSLITURGIE**

**BUITENGEWONE SINODE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT,**

**3 Oktober 2024**
**Kopano Nokeng, Bloemfontein**

## TOEWYDING

Stilte vir persoonlike gebed.

**Wees stil, want die Heilige is hier / *Be still, for the presence of the Lord...*** (VONKK 72)
(Gesing in Afrikaans, Engels en weer Afrikaans)

> "Wees stil, want die Heilige is hier in ons teenwoordigheid.
> Kom buig nou voor Hom neer met eerbied en ontsag.
> Erken sy heiligheid en sy geregtigheid.
> Wees stil, want die Heilige is hier in ons teenwoordigheid.
>
> *"Be still, for the presence of the Lord, the Holy One, is here;*
> *come bow before Him now with reverence and fear:*
> *in Him no sin is found – we stand on on holy ground.*
> *Be still, for the presence of the Lord, the Holy One, is here.*

## AANROEPING

**Votum**

**Liturg:** "Ek kyk op na die berge,
waarvandaan sal daar vir ons hulp kom?"

**Sinode:** (hardop) "Ons hulp is van die Here,
wat hemel en aarde geskep het,
wat trou bly tot in ewigheid,
en wat nooit die werke van sy hande laat vaar nie." (Ps. 121)

Psalm 42:1 en 43:2 (Lina Spies-beryming, sittend)

Smagtend soos in dorre streke –
hoor my na U, Here, roep.
Gee my van u helder water
en 'n skadu teen die gloed.
O, ek skroei, Heer, van die pyn
oor die skare se venyn.

Maak my weer tot 'n bevryde
wat na Sion op kan gaan.
Stuur u lig en waarheid beide
om vir my die weg te baan.
T'rug in U teenwoordigheid
raak ek angs en wanhoop kwyt,

God wat heers in alle tye,
laat my sing, bring hul tot swye.

jubel weer my lier se snare,
sing ek bly by u altare.

**Verootmoediging**

**Liturg:** "Een van hulle, 'n wetsgeleerde,
het vervolgens 'n vraag gestel om Hom te toets:
'Meester, wat is die belangrikste gebod in die Wet?'
Jesus het hom geantwoord:

**Sinode:** (hardop) "Jy moet die Here jou God liefhê,
met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.
Dit is die belangrikste en die eerste gebod.
En die tweede wat hieraan gelyk staan, is,
'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'" (Matteus. 22:35-39)

Lied 243 (sittend)

Heer, wees genadig. Heer, wees barmhartig.
Hoor ons gebed, Heer, ontferm U tog oor ons.
Heer, wees genadig. Heer, wees barmhartig.
Hoor ons gebed, Heer, ons buig hier voor U neer.
Amen.

**Genadeverkondiging en seëngroet**

**Liturg:** "God, ryk in barmhartigheid, het ons
alhoewel ons dood was as gevolg van ons oortredings,
op grond van sy groot liefde,
saam met Christus lewend gemaak –
uit genade is ons verlos! (Efes. 2:4-5)

**Sinode:** **Apostoliese Geloofsbelydenis** (staande, hardop saam)

**Loflied:** Lied 215:1, 2, 3, 4 en 5 (staande)

Besing die lof van Jesus saam,
ook eng'le bring Hom eer.
Juig hemel, aarde, roem sy Naam
en dien Hom, volg Hom, loof Hom –

**Christus is dié Heer!**

O nageslag van Israel,
gee u Messias eer;
erken Hom as Immanuel,
en soek Hom, vind Hom, prys Hom:
**Christus is dié Heer!**

Verdwaasde mens, aanvaar dit nou
dat Hy jou heil begeer;
bekeer jou, en sy Gees sal jou
laat loof en prys en jubel –
**Christus is dié Heer!**

Wees volkere, opreg en wys;
besef dat Hy regeer;
wil Hom bo alle vorste prys
en eer Hom, daagliks, oral –
**Christus is dié Heer!**

Hy wat as die oorwinnaar staan,
kom op die wolke weer.
Hef al wat leef jul loflied aan
en dien Hom, volg Hom, loof Hom –

**Christus is dié Heer!**

**LEES VAN EN LUISTER NA DIE WOORD**

**Inleiding en toeligting**

**Eerste Skriflesing:** Jakobus 1:1-7

**Gebedslied:** Psalm 119:18 (sittend)

U woord is soet, gevul met wysheid,
dit hou my op die regte pad.
Vol liefde peins ek daaroor altyd
om dit ten volle te bevat.
Die wysheid wat ek daaruit haal,
verhinder dat ek sal verdwaal.

**Tweede Skriflesing:** Spreuke 2:1-10

**Gebedslied:** Psalm 119:5 (sittend)

Doen aan my goed, gun my die lewe,
ek wil U dien; U kan my red.
Laat nooit dié insig my begewe,
die wonderwerking van u wet.
Ek is ‘n vreemdeling op reis,
wat smag dat U die weg my wys.

**Derde Skriflesing:** 1 Konings 3:5-6, 9-16 en 28

**Gebedslied:** Psalm 119:27 (sittend)

Sonder u woord, Heer, is ek raadop,
ek laat my altyd daardeur lei;
wat U gebied, dit stel ek voorop;
dit rig my voet, dit maak my vry.
As ek van u gebod afdwaal,
kom soek my, Here, kom my haal.

**Vierde Skriflesing:** 1 Korintiërs 1:18-24 en 30

**Gebedslied:** Psalm 119:7 (sittend)

O Heer, versterk, verdiep my insig
in wat u woord verordineer.
Laat ek my hele lewe inrig
volgens wat U bepaal en leer.
Laat loop my op die regte weg
en maak my lewend deur u reg.

**Vyfde Skriflesing:** Jakobus 3:13-18

**Gebedslied:** Psalm 119:26 (sittend)

Maak oop u woord, laat dit my voorlig;
wil u beloftes, Heer, volbring.
Omdat u woord my lei tot insig,
sal ek u lof, o Heer, besing.
Gee op my smeking daarom ag,
gun my u wysheid vir vandag.

**OORDENKING**

**Tafelgesprek (in gemeente- en ringsverband)**

- Wat **ís** wysheid? (wat is die aard en inhoud van dié Bybelse Wysheid)
- **Waar** vind ek wysheid? (en waar vind ek dit nie?)
- **Hoe** vind ek wysheid? (en wat is nodig om daarvoor in mý te gebeur?)
- Wat **doen** wysheid? (wat is die uitkoms, die effek van wysheid?)

**Toewydingslied:** Lied 528:1 en 3

Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U Pottebakker, met my, die klei.
Vorm my en maak my, volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig, stil.

U gee u gawes net soos U wil;
almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
dat U my oral nuttig gebruik.

**AANBIDDING**

**Gesamentlike gebed rondom die tafels**

**Gebedslied:** Lied 266 (staande)

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, Amen.
Vir ewig en ewig, Amen.

* * * * * * * *

**Naamlys van persone wat aangeteken het:**

| Gemeentenaam | Leraar | Kerkraadslid |
|---|---|---|
| Aandbloem | JS Henning | M De Vos |
| | C Mitchell | JAM Meyer |
| | | JC Louw |
| Allanridge | | AM Maree |
| | | H-M De Jager |
| Arlington | M Jacobs | PH Ferreira |
| Bainsvlei | J Hamman | JJ Deetlefs |
| Bedelia | PJ Mc Laren | H Mc Laren |
| Berg-en-Dal | JJ Lubbe | E-A Swart |
| | J Marais | MJ Swart |
| | JC Hurter | M Laubscher |
| Bethlehem-Panorama | G Lamprecht | W Naude |
| Bethlehem-Éfrata | SH Swart | DJ Eichstädt |
| | DE Bubb | MJP Nel |
| Bethlehem-Eureka | RCH Kemp | LP Greyling |
| | C Symington | HB Van Huyssteen |
| Bethlehem-Oos | A Botha | L Badenhorst |
| | | JA Kriek |
| Bethlehem-Wes | AP van Zyl | HJ Du Preez |
| Bethulie | R Nel | IJC Jacobs |
| Bloemfontein | DV le Roux | DJ Wepener |
| Bloemfontein-Noord | JJW van Tonder | A Botha |
| Bloemfontein-Wes | PJ David | MJD Hurter |
| Bloemheuwel | JL Reynders | PJB Coetzer |
| | LOK Lategan | C Steinhobel |
| Bloemvallei | MJ Heymans | |
| Boshof | | LvZ Pieters |
| | | PJ Roode |
| Bothaville | D Allen | ADP Kirsten |
| Bothaville-Noord | JS Kruger | JE Grobler |
| Brandfort | | C Smith |
| Brandfort-Oos | JFJ Loots | |
| Bultfontein | AW Smit | PH Meiring |
| Bultfontein-Oos | PG Garbers | GJ van der Merwe |
| Clarens | JAN Venter | BJ Willemse |
| Clocolan | | EB Nolte |
| Cornelia | JT Kemp | CM Cockcroft |
| Dagbreek | PF Botha | WA Koning |
| De Bloem | JL Smith | J Smith |
| Dealesville | B Wilken | JP Pretorius |
| Deneysville | DM Du Preez | JJ Du Preez |
| Deneysville | CHT Schiel | FA Erasmus |
| Dewetsdorp | HE van Coller | WJ Lombard |
| Edenburg | WH Van Zyl | AW Onderdelinden |
| Edenville | I Ellis | T Janse van Rensburg |
| Estoire | JC Else | DA Coetzee |
| Excelsoir | GJ Janse van Rensburg | SP Nel |
| Fauna | | GE Randall |

| | | |
|---|---|---|
| | | JM Strauss |
| Fauresmith | | JH Fourie |
| | | SLAM Le Roux |
| Fichardtkruin | A Van Staden | L Dixon |
| Fichardtpark | E Casaleggio | DCJ Taljaard |
| Ficksburg | WG Stumpfe | AE Swart |
| Fouriesburg | HP Coertzen | CC Van Zyl |
| Frankfort | JT Jackson | CH Jacobs |
| Harmonie | | S Cloete |
| | | C Lloyd-Lister |
| Harrismith | GD Victor | AA Potgieter |
| | FUO Victor | JJ De Jager |
| Heilbron | AS van Zyl | K Kleynhans |
| Heilbron-Suid | PJ Fouché | JG Kriek |
| Hennenman | CF Van der Linde | WHC Fryver |
| Hertzogville | WJ Griesel | JJG Kleynhans |
| Heuwelkruin | ST Malan | A Viviers |
| Heuwelsig | EF Engelbrecht | GP Botha |
| | CA Salzman | |
| | JP Matthews | |
| | CvW de Vries | |
| Hobhouse | | JJ Wessels |
| | | GE Wium |
| Hoopstad | V Cloete | JJ le Roux |
| | FP du Toit | HC Horn |
| | D Meyer | MA de Wet |
| Hospitaalpark | JMG Roux | JM Goosen |
| Hugenoot | W van Velden | JM Bruwer |
| | WJ Schoeman | ED Taljaard |
| | NJ Mostert | EJ van Tonder |
| | NE van Velden | MJ Jacobs |
| | | FJ van Biljon |
| | | F van Rooyen |
| Jacobsdal | HHS Nortier | AJ du Toit |
| Jagersfontein | | C Potgieter |
| | | SM Loftus |
| Kerkenberg | HHS Williams | DF Prinsloo |
| Koffiefontein | | FJH Schreuder |
| Koppies | JH Hattingh | J Botha |
| Koppies-Weltevrede | GJ Oosthuizen | LJ Boshoff |
| Kroonheuwel-Noord | C Weideman | FC Kruger |
| | PM Van Niekerk | DJ Duminy |
| Kroonstad | J Müller | JDM Minnaar |
| Kroonstad-Noord | SC Van Der Merwe | OW Keeve |
| Kroonstad-Oos | MC Barnard | DJ Smit |
| Kroonstad-Suid | NG Wessels | |
| Kroonstad-Wes | | N de Bruyn |
| | | WRJ Britz |
| Ladybrand | DJB Kleynhans | CE Fourie |
| Ladybrand - Noord | W Klindt | N Haswell |
| Langenhovenpark | L Oosthuizen | W Fourie |

| | | |
|---|---|---|
| | AJJ Stander | PGM Miles |
| | PG Meyer | C van Eyssen |
| Lindley | | JJW van den Berg |
| | | GP Lamprecht |
| Luckhoff | N du Plessis | L Jansen van Vuuren |
| Marquard | JJ Rossouw | JL van der Walt |
| Memel | GE van Schalkwyk | PH van Niekerk |
| Meyerhof | LLB Naudé | S Jacobs |
| Noordhoek | | FJ Retief |
| | | PE Peters |
| Odendaalsrus | WM Beets | GJ Jansen van Vuuren |
| Odendaalsrus-Oos | D Louw | |
| Onze Rust | | CP Hellmuth |
| Ooshoek | S Maritz | JC Burger |
| Oranjeville | JW Korb | CJS Wolmarans |
| Parys-Oos | F van Tonder | M de Villiers |
| | | E Goosen |
| Parys-Suid | SJL Le Roux | TC Dunn |
| Parys-Wes | BL Van Wyk | AMF Du Plooy |
| Paul Roux | | D Bruwer |
| Pellissier | JH Hattingh | A Mostert |
| | CM James | AS Steyn |
| | FH Lamprecht | DF Langenhoven |
| | E Van der Berg | N Snyman |
| Petrus Steyn | VJ du Raan | FW Le Roux |
| Petrusburg | CJvdL Fourie | JD van Niekerk |
| Reddersburg | | PE De Jager |
| | | HM Hageman |
| Reitz | GJ Strydom | D Slabbert |
| Reitz Wes | SB Conradie | JM Wessels |
| Riebeeckstad | C Nel | Y Labuschagne |
| Riebeeckstad-Erfdeel | PJ Louw | L-R H Wentink |
| Rietfontein | A Celliers | PG Nel |
| Rouxville | N Van Rooyen | S Coetzer |
| Sasolburg-Fakkel | WJ Burger | AJH Reynders |
| Sasolburg-Fontein | | J Steurer |
| Sasolburg-Tuinedal (Dolerend) | PJG Prinsloo | J Fourie |
| Sasolburg-Vier Ankers | RJ Pienaar | CF Bester |
| | | SS Lombard |
| Senekal | SF Coetzee | MJ Malan |
| Senekal-Noord | A Potgieter | L Van der Merwe |
| Smithfield | HC Van Wyk | JA Neethling |
| Soutpan | | SC McLaren |
| | | GN Van den Berg |
| St Helena | DN Basson | JH Botha |
| Steynsrus | AW Grobler | HD Janse van Rensburg |
| Taaibosspruit | A de Man | M Ludick |
| Thaba Nchu Tweespruit | L Schroeder | JM Jacobs |
| Theunissen | SJL Schoeman | TF Uys |
| Theunissen-Wes | GA Basson | JH Stander |
| Trompsburg | JM Vorster | L Kotzè |

| | | |
|---|---|---|
| Tweeling | | G Van der Watt |
| Uitsig | | EM Olivier |
| | | ME Scholtz |
| Universitas | RC Botha | RC Gouws |
| | CC Botha | JW Nothnagel |
| Universitasrif | NJ Labuschagne | RD Crouch |
| Universitas-Wes | CM Rautenbach | S Peens |
| | JS Du Plessis | C De Reuck |
| Vaalpark | ASS Potgieter | DS Visser |
| Ventersburg | N Dicks | A Lategan |
| Vierfontein | OPJ Olivier | JP Smith |
| Viljoensdrif | | PJ De Bruyn |
| Viljoenskroon | AP Cronjé | LF Taljaard |
| Villiers | JH van Deventer | D van Deventer |
| Virginia | R Wessels | HH Haasbroek |
| Virginia-Wes | HJ Conradie | HP van der Walt |
| Vrede | DJ Venter | TJC de Villiers |
| Vredefort | JS Haggard | HJ Brussow |
| Vrede-Wes | JG van der Watt | ID Bosman |
| Warden | FL Steenkamp | JH Labuschagne |
| Waterbron | | A Schoeman |
| | | CP Bartlett |
| Welkom | MW Pretorius | GM Landman |
| Welkom-Noord | RL Oliver | TG Barnard |
| Welkom-Suid | LM Foot | JH Brits |
| | | GM van den Heever |
| | | HPJ Pretorius |
| Welkom-Wes | DH Botes | R Niemand |
| Wepener | SP Slabbert | HLJL Van Tonder |
| Wesselsbron | | A Oelofse |
| | | WH Van Zyl |
| Wilgehof | WB Müller | BF Nel |
| Winburg | | SC Ferreira |
| | | PJ Pienaar |
| Witteberg | L van den Haer | |
| Woodland Hills Gemeenskapkerk | A Meiring | M Oosthuysen |
| Zastron | SW Burger | DP Mac-Kay |